Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 27 MAART 2014 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdh N J A Rust
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Abrahams, M Z (DA)
Cleophas, J H (DA)
Cloete, C M (ANC)
Cox-Bruintjies, Y S (TPICO)
Fortuin, C (ANC)
Geel, B W (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Hunsinger, C H H (DA)
Philander, D B (ANC)
Rangasamy, M (DA)
Sedeman, A C (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Merwe, J I (COPE)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Wilskut, W (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Snr Bestuurder: Tegniese Dienste, mnr L D Zikmann
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan mnr V Langford van die Kantoor van die Ouditeur-Generaal en me W Mohammed en mnr W Hermanus van die Provinsiale Tesourier.

Rdl B W Geel open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Speaker dra sy gelukwense oor aan raadslede en beamptes wat in die afgelope maand verjaar.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle A M Sneewe en C H Papers.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS DEUR AMPSDRAERS/BEAMPTES

Geen.

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 28 NOVEMBER 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 28 November 2013 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU 30 JANUARIE 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 30 Januarie 2014 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

4.3 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 5 FEBRUARIE 2014

BESLUIT
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 5 Februarie 2014 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 13 NOVEMBER 2013
Saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 6 NOVEMBER 2013

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 6 DESEMBER 2013

5.3 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 22 JANUARIE 2014

5.4 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 12 FEBRUARIE 2014
Saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 5 FEBRUARIE 2014

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite as Rekenpligtige Beampte ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, in oorlegpleging met die bodbeoordelingskomitee, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 31 OKTOBER 2013

6.2 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 DESEMBER 2013

6.3 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 18 DESEMBER 2013

6.4 NOTULE VAN 'N BODBEOORDELINGSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 30 JANUARIE 2014

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

8. SAKE VIR BESPREKING

8.1 *REGIONAL SOCIO-ECONOMIC PROJECT (RSEP) vs VIOLENCE PREVENTION THROUGH URBAN UPGRADE (VPUU)* (2/1/4/4/B, 11/2/1)

Die voorlegging van rdl C H H Hunsinger wat die raadsvergadering om 10:00 voorafgegaan het dien as agtergrond en verwysing.

Verder bevat die verslag tot die sakelys ook detail aangaande die verband tussen die RSEP- en VPUU-inisiatiewe en watter munisipaliteite in die Wes-Kaap daaraan gaan deelneem, naamlik –

- Theewaterskloof (VPUU);
- Drakenstein (VPUU);
- Swartland (RSEP)
- Breede Vallei (RSEP)
- Saldanhabaai (RSEP

Befondsing vir die RSEP-program ten bedrae van ±R75 miljoen (€5 million) is vanaf die Duitse Ontwikkelingsbank verkry, waarop Provinsie reeds vir 'n teenwaarde van 'n verdere R75 miljoen vir die MTEF-periode begroot het. Daar sal ook van munisipaliteite verwag word om 'n bydrae te maak.

BESLUIT
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

(a) Dat daar met dankbaarheid kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit deel is van die RSEP inisiatief;

(b) Dat daar kennis geneem word dat die "Projek Bestuurder" vir hierdie doel deur die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder aangewys sal word na oorlegpleging met die Bestuurspan;

(c) Dat daar verder kennis geneem word dat die ooreenkomste en dokumente deur die Munisipale Bestuurder onderteken sal word ingevolge gedelegeerde bevoegdhede;

(d) Dat daar kennis geneem word dat die werkgroep sal bestaan uit 'n munisipale en provinsiale span, sowel as verteenwoordigers van gemeenskapstrukture;

(e) Dat daar verder kennis geneem word dat die interaksie met die betrokke departemente vroeg in April 2014 sal plaasvind, waar meer duidelikheid verkry sal word.

8.2 AANVAARDING VAN VERSKEIE VERORDENINGE (1/1)

Die munisipale raad het op 28 November 2013 die verordeninge soos vervat in die bylae tot die verslag in beginsel goedgekeur.

'n Werkwinkel vir raadslede is gehou op 28 Januarie 2014 onder leiding van die fasiliteerder om die verordeninge deur te werk. Aangeheg tot die verslag is die enigste kommentaar ontvang vanaf die Yzerfontein Inwonersvereniging wat aan die fasiliteerder voorsien is om wysigings aan te bring, waar nodig.

Die aangeleentheid word tot stemming gebring, en word –

EENPARIG BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

(a) Dat die volgende verordeninge soos vervat in die bylae goedgekeur word:
- Verordening aangaande Brandveiligheid;
- Verordening aangaande Elektrisiteitsvoorsiening;
- Verordening aangaande Paaie en Strate;
- Verordening aangaande Stormwaterbestuur;
- Verordening aangaande Openbare Geriewe;

8.2/...

(b) Dat die verordeninge in die Provinsiale Koerant afgekondig word vir implementering met ingang van 1 Julie 2014.

8.3 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING RAKENDE WATERVOORSIENING, SANITASIEDIENSTE EN NYWERHEIDSUITVLOEISEL, SOWEL AS DIE KONSEP HERROEPINGSVERORDENING (1/1)

Voormelde verordeninge vorm deel van die projek om verskeie verordeninge te hersien en om verordeninge van die afgeskafte munisipaliteite te herroep, asook verordeninge van Swartland Munisipaliteit wat deur die nuwe verordeninge vervang moet word.

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

(a) Dat die konsep verordening rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloeisel, asook die konsep Herroepingsverordening in beginsel goedgekeur word;

(b) Dat die konsep verordeninge vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

8.4 KONSEP WATERDIENSTE ONTWIKKELINGSPLAN (16/1/1/B)

Die Waterdienste Ontwikkelingsplan is ‘n sektorale plan tot die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en het ten doel om te verseker dat Waterdienste Owerhede die diens op ‘n ekonomiese, effektiewe, bekostigbare en volhoubare wyse voorsien.

‘n Waterdienste Owerheid moet ingevolge artikels 12 en 13 van die Wet op Waterdienste (Wet 108 van 1997) die plan hersien en elke vyf jaar ‘n nuwe plan opstel. Die bestaande plan vir Swartland Munisipaliteit is in Junie 2008 aanvaar, en word ‘n nuwe Waterdienste Ontwikkelingsplan nou voorgelê.

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdh M S I Goliath)

Dat die konsep Waterdienste Ontwikkelingsplan in beginsel goedgekeur word en in terme van artikel 15 van die Wet op Waterdienste, Nr 108 van 1997 vir publieke kommentaar geadverteer word.

8.5 VOORGESTELDE AANVAARDING VAN KONSEP VERORDENING AANGAANDE MUNISIPALE GRONDGEBRUIKSBEPLANNING (1/1)

Munisipale grondgebruiksbeplanning word in die Grondwet as ‘n bevoegdheid van plaaslike owerhede gevestig, in teenstelling met die verouderde Ordonnansie op Grondgebruiksbeplanning, Ordonannsie 15 van 1985 (LUPO) wat nog baie magte aan die Minister verleen.

Die grondwetlike bepalings het die ontwikkeling van die “Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Act 16 of 2013) (SPLUMA), sowel as die “Western Cape Land Use Planning Act” (LUPA) tot gevolg gehad. Hierdie stukke wetgewing moet gesien word as raamwerke, en is dit die verantwoordelikheid van plaaslike owerhede om deur middel van eie wetlike bepalings daaraan uitvoering te gee.

In die verslag tot die sakelys word volledig uitgebrei aangaande die effek van die wysigings, waarvan die konsep verordening aangaande munisipale grondgebruiksbeplanning ‘n uitvloeisel is.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die verslag;

(b) Dat die konsep Verordening aangaande Munisipale Grondgebruiksbeplanning in terme van artikel 12(2) van die Stelselswet, 2000, in beginsel goedgekeur word;

8.5/...

(c) Dat die konsep verordeninge vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;

(d) Dat die konsep verordening, sowel as enige kommentare ontvang na afloop van die publieke deelnameproses, aan die Raad voorgelê word vir finale goedkeuring.

GETEKEN:
SPEAKER